26 Julie 2026

Eerste diens

Sing: Ps. 45:1,6; Ps. 45:9,10; Ps. 42:1,5; Ps. 31:1,4,5; Ps. 150:1,3.

Lees: Rut 4:1-22

Teks: Rut 4:9-10

Tema: Christus is ons Bruidegom wat deur sy volmaakte optrede vir ons herstel bewerk

Die optrede van ons Bruidegom

Die geskiedenis van Rut vind sy hoogtepunt in die huwelik tussen haar en Boas. Op die oog af lyk dit net na die afloop van ‘n mooi en aangrypende liefdesverhaal. Tog gaan dit hier oor veel meer. Boas is die teëbeeld van Christus en in sy optrede sien ons ook iets van Christus se optrede teenoor sy bruid, naamlik die gemeente. Soos Boas amptelik ingetree het en seker gemaak het dat hy Rut as vrou kry het Christus dit vir ons aan die kruis op Golgota gedoen.

Die herstel deur ons Bruidegom

Die optrede van Boas het wonderlike uitwerking gehad, in die feit dat haar en haar skoonmoeder se posisie in die volk weer herstel is. Haar naam en die naam van Naomi is weer herstel. Waar Naomi haar naam verander het na Mara (bitterheid) het die lossing wat Boas gebring het vir haar ook seën gebring. Die wonder strek ook verder in haar nageslag, want uit die huwelik van Boas en Rut word die Obed gebore, en kan Naomi ook die seën van ‘n nageslag ontvang.

Die eerbetoon aan ons Bruidegom

Die wonder van dit wat in Naomi en Rut se lewe gebeur het laat die voue rondom haar van blydskap jubel en die naam van die Here groot maak. Hy moet eindelik geloof en geprys word want Hy het die losser voorsien wat weer hulle posisie in die volk herstel het. Deur ons hele lewe kan en moet ons in deur dankbare gehoorsaamheid alle eer aan die Here toekom want Hy het vir ons verlossing bewerk.

Aand diens

Sing: Ps. 66:1,2; Ps. 86:1,6; Ps. 25:1,2.

Lees: Fil. 1:27-2:18; Son 49.

Teks: Fil. 2:13

Tema: Ons moet bid dat ons Vader ons sal lei om sy wil te doen

Die aflegging van ons eie wil.

In die derde bede bid ons dat die Here sy wil sal laat geskied. Vanweë ons eie sondige natuur is ons tot alle kwaad geneig en kom ons natuurlike wil teen die geopenbaarde wil van die Here in opstand. Om ons self dus neer te lê en voor Hom te verootmoedig moet ons eers ons eie wil versaak. Ons dink miskien nie altyd ons eie wil is sleg nie, maar ons moet weet dat selfs ons beste bedoelings met sonde besmet is. Daarom is dit nodig dat ons sal bid dat die Here ons hierin sal lei

Gehoorsaamheid aan God se wil.

Teenoor my eie wil staan die wil van God en ons bid dat ons aan Hom gehoorsaam sal wees. Wanneer die Kategismus oor die wil van die Here handel word die klem op die geopenbaarde wil geplaas. Ons bid nie net dat die Here se verborge raad sal realiseer nie, maar dat Hy ons gewillig sal maak om sy wil te doen. Dit is die wil van die Here wat aan ons in die Heilige Skrif openbaar is en waarin ons kan lewe. Dit is juis wanneer ons aan die wil van die Here gehoorsaam is dat ons ook berusting vind wanneer Hy in sy verborge raad met ons handel.

Getrouheid in God se wil.

Gewilligheid om die wil van die Here te doen moet eindelik ook sigbaar word in ons getrouheid om in ons daaglikse bestaan gehoorsaam te leef. In ons belydenis word die voorbeeld van die engele vir ons voorgehou. Hulle is die diensknegte wat getrou is in elke opdrag wat hulle uitvoer. So het die Here ons geroep om in ons dagtaak diensknegte van Hom te wees in sy skepping. As diensknegte moet ons dan volhard in getrouheid aan die sy wil.